

**Prof R M Britz,
Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

Aantekeninge oor die vroegste Europese inbeeldings van die Kaap met verwysing na die (kerk)historiese betekenis daarvan

In potlood staan dit nog op 'n teenblad van 'n stel kerkhistoriese aantekeninge uit my studentedae opgeskrywe: “'n Inbeelding is eintlik ervarings wat gesimboliseer of gevisualiseer word. Dit is 'n konsep wat 'n ding in die geheel beter sê as wat woorde dit kan doen. Dit is meer as woorde en neem besit van jou ter wille van die singewing van die verlede. Dit het 'n aangryping van sy eie om die vereenselwiging met en ontsluiting van die verlede moontlik te maak. Dit bring die lewe terug in die kerk en algemene geskiedenis. 'n Inbeelding het dit immers in hom om jou tot sindraende standpuntstelling oor die vergange werklikheid te dwing. Die vraag is in welke mate dit ontspring uit primêre kerkhistoriese bronne, en moet derhalwe teologies-krities daaruit verantwoord word.” Dit moes min of meer die strekking gewees het van 'n uiteensetting oor die beelde of inbeeldings in die kerkgeskiedenis soos professor Brown dit weer 'n keer op sy kenmerkende manier ons oë daarvoor geopen het. Trouens, in sy klasse het by veel meer hiervan gemaak. Hy was oortuig dat dit 'n vormende invloed op die beskrywing en begrip van die Suid-Afrikaanse (kerk)geskiedenis gehad het. Dit is daarom sekerlik gepas om by hierdie geleentheid die aandag te vestig op die ontstaan van beelde of inbeeldings oor die Suid-Afrikaanse (kerk)historiese werklikheid. Sonder twyfel is dit 'n aspek van die wetenskaplike beoefening van die (kerk)geskiedenis wat in die tyd en omstandighede waarin ons lewe, al sterker aandrang op behandeling.

1. INBEELDINGS IN DIE VERTOLKING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE (KERK)GESKIEDENIS

In die Suid-Afrikaanse (kerk)historiografie, wat wetenskaplik beoefen word aan die band van uiteenlopende skoolvorming¹-, speel inbeeldings² bewustelik en onbewustelik 'n te belangrike rol om geïgnoreer te word. Hulle lê wyd verspreid in hierdie geskiedskrywing en staan in verband met die (kerk)geskiedenis in sy geheel, of met bepaalde gebeurtenisse en insidente uit die verlede. Dit berus nie net op historiese aannames nie - dikwels is dit met teologiese oorwegings en verbandlegging verbind.

Dat 'n mens hier met 'n saak te make het wat sy stempel deurslaggewend op die vertolking van die verlede afdruk, word eers werklik duidelik as dit met voorbeelde geïllustreer word. In die Afrikaanse (kerk)geskiedskrywing is singewende inbeeldings (veral gedurende die 20ste

AANTEKENINGE OOR DIE VROEGSTE EUROPESE INBEELDINGS, 321

eeu) byvoorbeeld ingeprent rondom sake soos die “geroepenheid” van die Afrikaner en sy assosiasie met die “Ou-Testamentiese verbondsvolk”, waarop Du Toit ingegaan het en dit aan die bronne gaan toets het.³ Ook die “Calvinisme” van die Afrikaner en sy kerke van

¹ Vir 'n oorsig hiervan, vergelyk FA van Jaarsveld: *Ou en nuwe weë in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing*. Kaapstad, 1961; K Smith: *The changing past. Trends in the South African historical writing*. Cape Town, 1988; FA van Jaarsveld: *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenis, ideologie en die historiese skuldvraagstuk*. Johannesburg, 1984; JC Moll (et al): *Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie*. Pretoria, 1987.

² Vergelyk in hierdie verband as toepaslike illustrasie materiaal FA van Jaarsveld: “Ons verledebeeld: geskonde oue of vertekende nuwe?” in sy werk *Geskiedkundige verkenninge*. Pretoria, 1974, 166-186.

³ Vergelyk A du Toit: “No chosen people. The myth of the calvinist origins of Afrikaner nationalism and racial ideology,” *American Historical Review* 88/4, 1983, 920-952; en ook “Captive to the nationalist paradigm: Prof

gereformeerde belydenis is omgewerk tot 'n inspirerende inbeelding.⁴ Die aanname dat die swartmense van (Suid-)Afrika uit die “nageslag van Gam” kom is nog 'n inbeelding, met verrykende gevolge. Die negatiewe houding van die Afrikaner teenoor die sending loop as 'n inbeelding ook soos 'n rooi draad deur die geskiedskrywing. Die “Groot Trek” waarin die “Voortrekkers” so heldhaftig beslag gegee het⁵, sowel as die Anglo-Boereoorlog waarin hulle nasate, die “Boere”, tot die bitter einde die stryd gevoer het, leef natuurlik ook in 'n veelseggende en appellerende inbeelding na. Hierop het Van Jaarsveld reeds gedurende 1962 gewys toe hy oor die **Lewende Verlede**⁶ iets geskrywe het. Gedurende die 19de eeu al is “Slagtersnek” en “Bloedrivier” in die groeiende historiese bewuswording as 'n inbeelding opgeroep. Terselfdertyd het “geen gelykstelling” ook die status en oriënteringskrag van 'n inbeelding bekom. 'n Veel ouer inbeelding, wat ondertussen sy seggingskrag verloor het, is ingeprent rondom die rykdomme van “Monómotapa”.

Sonder om hier in te gaan op die kenmerkende inbeeldinge in die ander skole van (kerk)-geskiedskrywing (in elke skool kan tiperende inbeeldinge aangewys word, terwyl dieselfde inbeelding in 'n ander historiografiese tradisie 'n ander betekenis kan hê), word volstaan om op nog een ander aspek van hierdie verskynsel in die Suid-Afrikaanse (kerk)historiografie te wys. Daar is naamlik ook inbeeldinge van buite opgestel om die Suid-Afrikaanse situasie histories uit te klaar en konseptueel te verwoord.⁷ Schutte wys daarop hoedat 'n negatiewe inbeelding in Nederland oor die “Boere” van Suid-Afrika na 1875 vanweë nuwe belangstelling in die Zuid-Afrikaansche Republiek binne die konteks van die Britse imperialisme, nuut geklee is in die kled van 'n positiewe en entoesiastiese identifisering en meelewing.⁸ Hierdie positiewe evaluering staan teenoor die ouer en veelbesproke negatiewe assosiasie waarin die “Afrika-Boer” uit die verf kom van die Barrow-Phillip-Livingstone-hipotese en tradisie⁹ Aan die grondslag van die publikasies van hierdie driemanskap oor Suid-Afrika lê 'n kritiese inbeelding wat sy toespitsing veral rondom die rasseverhoudinge het. Dit het, terloops, ge-

322 NED. Geref. TEOLOGIESE TYDSKRIF

volg help gee aan die interpretasie van die sogenaamde liberale en radikale skole van geskiedskrywing van die 20ste eeu. Dit is geen wonder nie dat toe die inheemse geskiedskrywing in Suid-Afrika homself gedurende die 19de eeu skriftelik tot uitdrukking gebring het, dit hierteenoor apologeties stelling ingeneem het. Hierdie vooringenome objektivering of inbeelding van die groep mense wat as die Afrikanervolk bekend sou word,

FA van Jaarsveld and the historical evidence for the Afrikaner's ideas on his calling and mission,” *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 16, 1984, 49-80. Vir verdere bespreking en ter saaklike literatuur, kyk E Brown: “Onverantwoorde kontekstuele kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika”, *Studia Historiae Ecclesiasticae XIX (J)*, Junie 1993, 122-138.

⁴ Vergelyk RM Britz: “Die begrip “Calvinisme” in die Afrikaanse geskiedskrywing. 'n Oorsigtelike tipering,” *Skrif en Kerk* 15(2), 1994, 196-218.

⁵ Vergelyk FA van Jaarsveld: *Die beeld van die Groot Trek in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing 1843-1899*. Pretoria, 1963.

⁶ Sonder plek, voorwoord 1961.

⁷ Vergelyk E Brown: “Onverantwoorde kontekstuele kerkgeskiedskrywing ...”, a.w., 123 e.v.

⁸ G J Schutte: *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*. Pretoria, 1968, 9 e.v., 17 e.v. Kyk ook G J Schutte: *Nederlandse publikasies betreffende Zuid-Afrika 1800-1899*. Kaapstad, 1989.

⁹ Vergelyk J Barrow: *An account of travels into the interior of Southern Africa*. London, 1801 en *An account of travels into the interior of Southern Africa. Vol 11*. London, 1804; J Philip: *Researches in South Africa ...* 2 Vols. London, 1828; D Livingstone: *Missionary travels and researches in South Africa including a sketch of sixteen years' residence in the interior of Africa*. London, 1857. Kyk ook I Schapera (ed): *David Livingstone. South African Papers 1849-1853*. Van Riebeeck Society 2(5). Cape Town, 1974, veral “The South African Boer and slavery”, 67 e.v.

het ter plaatse nie goed afgegaan nie en reaksie uitgelok. So het 'n reaksie teen inbeeldings die (kerk)geskiedskrywing polemiserende gestimuleer.

Op die keper beskou, het inbeeldings sekerlik meer te doen met die voorstellingsvermoë van die mens in terme van sy betrokkenheid by die sindraende verlede, as met die inhoud van geskiedenis self. Gevolglik staan inbeeldings nader aan eietydse assosiasie en projeksie ter wille van singewing, as aan 'n geraffineerde stapelplaas van duisende feite uit die verlede. Dit het die pretensie om die eenheid van verledeverskynsels in te sien en te verklaar. Dit dra op sigself 'n populêre seggingskrag, sodat bekendheid daarmee nie noodwendig 'n vraag kultuur- en kerkhistoriese kennis veronderstel nie. Dit is vanselfsprekend nie vry van kultuurhistoriese, teologiese en kerklike waardes, vooroordele, veronderstellings en aannames nie.

Hieruit blyk dat die kwessie in verband met (kerk)historiese inbeeldings met die nodige onderskeiding bejeën moet word: dit gaan immers om **eie inheemse inbeeldings**, gemunt in harmonie met die kontemporêre kultuurhistoriese milieu en voorkeure. Dit is 'n instrument waarmee die (kerk)geskiedenis in die hand kom en 'n sinvolle betrokkenheid daarby skep. Dit word inderwaarheid 'n sleutel om die verlede mee te ontsluit. Dit hang dus saam met die feit dat, soos professor Brown dit onlangs nog op die manier van sy eie gestel het, die “kerkgeskiedskrywing, soos die geskiedskrywing in die algemeen in Suid-Afrika, *nie verantwoord is nie omdat onder andere nie erns gemaak word met die probleem dat die (kerk)geskiedenis asook die (kerk)geskiedskrywing tyd- en plekverwant is, eintlik 'n kontekstuele verband het. Gebeure en oortuigings, sowel as die beleving en weergawe en die latere interpretasie en beskrywing daarvan hou verband met 'n situasie en ontwikkeling of beweging, 'n besondere gemeenskap en kultuur, 'n bepaalde wêreldbeskouing en motief of oorweging.*”¹⁰ Maar, dit gaan ook om **uitheemse inbeeldings**, van buite opgestel ter wille van begrip en uitklaring van 'n situasie wat nie deur 'n leeskring of belanghebbendes belewe word nie.

Inbeeldings (inheems en uitheems) het hierbenewens in die (kerk)geskiedskrywing ook 'n **geskiedenis** van hulle eie: dit het êrens 'n oorsprong en deurloop 'n ontwikkeling. Met die jare word dit histories (en teologies) opgebou en voortgedra, dit verander en kan ook 'n nuwe inhoud verwerf. Dit kan ook na verloop van tyd vervang word, of selfs weer verdwyn. Daaruit word afleidings gemaak wat hulle laat geld ten opsigte van die voortgaande vertolking van die verlede. Noukeurige bestudering en kontrolering van die (kerk)geskiedskrywing uit die primêre bronne, maak dit moontlik om inbeeldings op te spoor en hulle funksie en eienskappe te analiseer en te beskrywe. Maar, dit moet histories en teologies gedoen word.

Dit gaan dus hier, samevattend, oor 'n saak wat in die bestudering van die (kerk)historiografie nie misgekyk moet word nie. Nie net die hipotetiese karakter daarvan nie, maar ook die invloed wat dit op die begrip en vertolking van die Suid-Afrikaanse (kerk)geskiedenis het, maak dit noodsaaklik om met indringende vraagstelling daarvoor duidelikheid te kry. Wat is die aard van die inbeeldings? Waarom het dit met verloop van tyd verandering ondergaan? Waarom het dit 'n seggingskrag verwerf? Hoe is dit aangewend? Watter dimensies vertoon die inbeelding? Is dit gebaseer op feite, legendes of interpretasie? Hoe ondervang dit die problematiek van die verlede as werklikheid? Die vraag wat egter allereers gevra moet word – histories en kerkhistories – is waar die oorsprong daarvan lê? Wanneer en waar het die eerste

AANTEKENINGE OOR DIE VROEGSTE EUROPESE INBEELDINGS, 323

beeldvorming plaasgevind? Aan hierdie laaste vrae kan 'n mens nie verbyskuur nie. Hoe inbeeldings opgebou is, met welke motiewe en norme, staan onontwykbaar in verband met

¹⁰ E Brown: “Onverantwoorde kontekstuele kerkgeskiedskrywing ...”, *a.w.*, 110.

die oorsprong en geskiedenis daarvan. Dit bly 'n voorvereiste vir 'n wetenskaplike begrip van die rol en betekenis daarvan in die (kerk)geskiedskrywing.

2. REISBESKRYWINGS HUISVES DIE VROEGSTE INBEELDINGS OOR DIE KAAP

In die lig hiervan word in die volgende paragrawe gefokus op die ontstaan en aard van die heel vroegste inbeeldings oor Suid-Afrika en sy geskiedenis. Dit lê heelwat verder terug in die geskiedenis as die 19de eeuse (kerk)historiografie. 'n Mens kom hulle al teë in die 17de eeuse reisbeskrywings, 'n genre wat opgeroep is deur die Europese seevaart en ontdekkingsstogte¹¹ na die uithoeke van die aarde.¹² Retrospektief moet die populariteit van die nuwe reisliteratuur in verband met die bewuste strewe na ontdekking, ondersoek, uitvinding en berekening in die Europese tydsgees en ingesteldheid gebring word.¹³ Dit was die uitdrukking van 'n nuwe, natuurgerigte en humanistiese wetenskapsideaal.¹⁴ Dinge waarvan nog nooit gehoor is nie, is op 'n oorspronklike en indringende wyse ingeskep en aangedik en met groot noukeurigheid op die lappe gebring. Boonop is wat gesien en beskrywe is deur vele gravures en tekeninge uitgebeeld. So is die inbeeldings oor die verre lande aansienlik versterk en voor die geestesoog gebring.

Die suidpunt van Afrika het uiteraard sy verskyning hierin gemaak. Reisbeskrywings in die Suid-Afrikaanse (kerk)historiografie is dus nie net waardevolle aanvullende bronne (wat krities gekontroleer moet word¹⁵) vir ons kennis van die (kerklike) verlede nie.¹⁶ Dit moet ook

324 NED. Geref. Teologiese Tydskrif

die inbeeldings wat daarin gehuisves is, gelees word – inbeeldings wat hulle weg tot in die 19de en 20ste eeuse (kerk)geskiedskrywing gevind het.

Oor 'n periode van meer as 200 jaar (1500-1700) is 'n inbeelding van “the most stately thing ... and the fairest Cape ... in the whole circumference of the earth,” soos Drake die Kaap op sy wêreldvaart in die 1570's¹⁷ beskrywe het, algaande opgebou om uiteindelik 'n vaste vorm aan te neem. Hoedat hierdie inbeeldings, wat van buite opgestel is, in 'n betrekking met die Kaapse samelewings, hulle verhoudinge en geskiedenis, sowel as insidente uit daardie

¹¹ Vir 'n oorsig sien J Bowle: *A history of Europe. A cultural and political survey*. Bath, 1979, 403 e.v.; T Schieder: *Handbuch der Europäischen Geschichte III*. Stuttgart, 1971, 78 e.v.; WC Abbot: *The expansion of Europe. A social and political history of the modern world 1415-1789*. London, 1925, 82 e.v. en veral 148 e.v.

¹² Om enigsins 'n indruk te kry van hoe omvattend hierdie literêre korpus in werklikheid is, vgl. A Churchill en J Churchill: *A collection of Voyages and Travels*. 4 Vols. London, 1704; J Harris: *Navigantium atque Itinarantium Bibliotheca*. London, MDCCV. In sy voorwoord wys NH Mackenzie: “South African travel literature in the seventeenth century. A literary study of early English travel books which include accounts of the Cape” in *AYB* 18(2), Pretoria, 1955, 3, daarop dat die Hakluyt Society sedert die laaste helfte van die 19de eeu meer as 120 volumes van reise en ekspedisies gepubliseer het.

¹³ Vergelyk R Hooykaas: “Humanism and the voyages of discovery in the 16th century Portuguese science and letters.” In *Mededelingen der Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen. Afdeling Letterkunde. Nieuwe Reeks* 42(4) 1979, 99-159. A Rüegg: *Luis de Camoes und Portugals Glanzzeit im Spiegel seines nationalepos*. Basel, 1925, wys in sy inleiding ook hierop. Vir die kartografiese neerslag hiervan, sien CE Nowell: *A history of Portugal*. New York, 1952, 117 e.v.; E Klemp: *Africa on maps dating from the twelfth to the eighteenth century*. Leipzig, 1968; A Cortesao en A Teixeira da Mota (reds.): *Portugaliae Monumanta Cartographica*. Lissabon, 1968; Kyk ook E Prestage: *The Portuguese pioneers*. London, 19662, 327 e.v.

¹⁴ Vgl. J Huizenga: “Natuurbeeld en Historiebeeld in de achttiende eeuw” in *Verzamelde Werken JV Haarlem*, 1949, 341 e.v.

¹⁵ Vergelyk AN Pelzer: “Reisbeskrywings in die Suid-Afrikaanse historiografie”, in G Cronjé: *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie*. Pretoria, 1967, 64 e.v.

¹⁶ Vergelyk AN Pelzer: “Reisbeskrywings ...”, *a.w.*, 58-59. Vergelyk ook D W de Villiers: *Reisbeskrywings as bronne vir die kerkgeskiedskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika tot 1853*. Kampen, 1959.

¹⁷ Die *Hakluyt Society* het hierdie werk in 1854 weer uitgegee, met 'n inleiding, 'n ongepubliseerde manuskrip van Francis Fletcher, “chaplain to the expedition” en met nog enkele “appendicies illustrative of the same voyage”. Vir 'n bespreking van Drake se wêreldreis, sien *a.w.*, xiv e.v. Sien ook *dies.*, 252.

geskiedenis na 1700 gestel is, behoort tot 'n volgende periode in die geskiedenis van die ontwikkeling van inbeeldings. In die 19de eeu toe (kerk)geskiedskrywing algaande beoefen is, het die inbeeldings weer 'n ander funksie, en dienooreenkomstig betekenis en inkleding, gekry. Daarin het ook inheemse beeldvorming na vore gekom. Dit alles val egter buite die skopus van hierdie artikel. Die aandag word slegs bepaal by die vroegste periode, toe inbeeldings deur buitelanders geskep is.

3. INDRUKKE VAN DIE KAAP IN PORTUGESE VERSLAE, SKEEPSJOERNALE EN BESKRYWINGS UIT DIE 16DE EEU

Verifieerbare kennis (gegrond op ervaring en waarneming) in verband met die bestaan en omstreke van die suidelike punt van Afrika het vir die heel eerste keer¹⁸ in Europa aangeland deur middel van die **joernale**,¹⁹ **kusondersoeke**²⁰ en die **verhale van skipbreukelinge**²¹ wat die Portugese skeepsvaarte na die Ooste meegemaak het. Inligting wat op hierdie manier bekend geword het, is later gedurende die 16de eeu deur Portugese historici gebruik om **Dos Feitas que os Portuguezes fizeram na conquista e Descubrimto das tenas e mares do oriente**²² in lywige boekdele vas te lê.²³ Baie van hierdie dokumente²⁴ is deur die “historiographer of the Cape Government,” G.M. Thea), aan die begin van die 20ste eeu “in various libraries and

AANTEKENINGE OOR DIE VROEGSTE EUROPESE INBEELDINGS, 325

archive departments in Europe” opgediep en as die Records of South-Eastern Africa²⁵ gepubliseer.

Die inligting oor die Kaap in bogenoemde Portugese literatuur is vlugtige indrukke en verwysings, omdat dit nie 'n fokuspunt van die seevaart was nie. In die geskiedskrywing is dit binne die raam van 'n Portugese ontdekking gebring, en is die aangrypende skoonheid van die Kaap – “that very great and wonderful cape unknown to the ancients and which is now called the Cape of Good Hope,”²⁶ in die woorde van De Castanheda uit 1551 – sowel as die negatiewe assosiasie in verband met die brutale dood van D' Almeida alhier gedurende 1509, onthou. Hoewel daar nie werklik sprake is van inbeeldings in die sin soos dit hierbo omskrywe is nie, het die grondwerk vir 'n nadere objektivering en inkleding tog daarin aan

¹⁸ Vgl. E Axelson: *South African Explorers. Selected and introduced by Eric Axelson*. London, 1954, x.

¹⁹ Die belangrikste is sekerlik die dagboek van Da Gama. Sien EG Ravenstein (ed.): *A journal of the first voyage of Vasco da Gama 1497-1499*. London, MDCCCXCVIII. Oor die outeur (waarskynlik Velho), *dies.*, xxv e.v.; oor Portugese uitgawes, xxxii e.v. en oor Da Gama, xiii e.v., 225 e.v. Sien ook 'n vertaalde uittreksel hiervan by E Axelson: *a.w.*, 1-19.

²⁰ CFJ Müller (red): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria, 1983, 13. Byvoorbeeld dié van Babudo en Quaresma (1506), Joao de Lisboa (1513), Joao de Castro (1538) en 'n meer volledige *Descricao da costa da Africa Meridional. Por Manuel de Mesquita Perestrello (1575-1576)*. Sien GM Theal: *Records of South-Eastern Africa. Collected in various libraries and archive departments in Europe. I*, London, 1898, 286 e.v., 307 e.v. vir 'n Engelse vertaling.

²¹ Vgl. 'n oorsigtelike behandeling by Mackenzie: *a.w.*, 8 e.v. Hy wys daarop dat dit 'n redelike omloop in Portugal gehad het.

²² “Van die dade wat die Portugese verrig het in die oorwinning en ontdekking vim die lande in die seë van die Ooste.” Vgl. Theal: *a.w. VI*, I. Dit is die titel van De Barros se werk oor *Das Asia*. Die magistrale werk van 4 dele is gedurende 1552-1613 gepubliseer.

²³ Nowell: *a.w.*, 111 e.v.

²⁴ Vir 'n bibliografie, sien Mackenzie: *a.w.*, 95-97.

²⁵ Nege Volumes. London, 1898-1902. Thea! was die eerste Suid-Afrikaanse historikus wat die Portugese handelonderneming en belange in Suidoos-Afrika beskrywe het o.g.v., sy versamelde bronne. Vgl. sy *History of South Africa before 1795*, Vol II: *The Portuguese in South Africa from 1505-[795]*. Cape Town, 1964. Vir hom, en literatuur uit sy pen, sien *SESA 10*, 468-470.

²⁶ Theal: *Records ... a.w. V*, 350.

die gang gekom. Dit blyk uit 'n 17de eeuse ontwikkeling toe die reisliteratuur 'n populêre genre in Europa geword het.

4. INBEELDINGS IN DIE POPULÊRE REISVERHALE UIT DIE 17DE EEU

Teen die einde van die 16de eeu, terwyl 'n nuwe staatkundige bedeling in Europa beding is,²⁷ het ander Europese nasies²⁸ die moontlikhede van die oorsese handel onderken en met epogmakende togte die nuwe wêreld betree. Seemanne het hiervan dagregisters en joernale gehou en met aantekening oor die vreemde wêreld aangevul. Reeds vroeg in die 17de eeu het passasiers, wat nóg blote toeriste, nóg slegs avonturiers was, die vaarte begin vergesel. Die meeste was geskool en het met ander oë die lande en mense waarby aangedoen is, gefynkam en beskrywe met die oog op 'n breë Europese leserspubliek. In hulle werk het die genre van reisbeskrywings hom aangekondig. Hierin gaan dit nie meer om kronologiese weergawe van ervaring nie, maar 'n oorwoë vertolking aan die hand van die eise wat die sogenaamde *ars apodemica* (die wetenskap van reis) aan so 'n werk gestel het. Hiervolgens moes die kumulatie van kennis sistematies en in 'n samehang gestel word.²⁹ As leesstof was dit in aanvraag, en het in aanvraag gebly. Dit het bronne van onontdekte kennis geword. In Nederland,³⁰ Brittanje,³¹ Frankryk³² en Duitsland³³ het dit op die rakke van talle boekverkopers beland. Dié soort literatuur wat sedert die eeuwenteling oor die nuutontdekte wêreld in omloop geraak het, het dus as reistekste ooglopend verskil van die vroeëre joernale.³⁴ En,

326 NED. GEREK. TEOLOGIESE TYDSKRIF

die Kaap het in die groeiende Noord-Europese reisliteratuur 'n meer prominente plek bekom.³⁵

'n Goeie voorbeeld van 'n skeepsjoernaal wat met aantekening uitgebou is, is die *Historiael Journael*³⁶ van Joris van Spilbergen uit die jaar 1605. Daarin kom (vir die eerste keer) 'n “Beschrijvinghe vande Tafel Bay, ende tlandt vande Cabo de Buona Esperance, met het volck ende Ghedierten van dien” voor.³⁷ Die *Caep de Buona Esperance* “is een seer gesont ende ghetempert lant, seer bequam ende nut om gecultueert ende bewoont te worden, ende om allerhande vruchten te winnen.” Die mees opvallende is egter die “Africaense Wilden”³⁸ wat hier aangetref is. Hulle is “gheluh van couleur ghelijck Molaten seer difform van aensicht, middelbaer van statuere, teer ende mager van lichaem, maar zeer snel int loopen.” Hulle taal herinner aan die gekloek van 'n kalkoen, terwyl hulle klere van vel “mantel wijs ghemaect”

²⁷ Vgl. VG Kiernan: *Church and State in Europe 1550-1650*. Oxford, 1980.

²⁸ Sien Schieder: *a.w.*, 300 e.v., 314; Bowle: *a.w.*, 416 e.v.; Abbot: *a.w.*, 237 e.v., 336 e.v.

²⁹ Sien S Huigen: “De representatie van Zuidelijk Afrika in de zeventiende eeuw: op zoek naar monomotapa”, in *Literatuur* 93(6), 284.

³⁰ Sien die *Werken uitgegeeven door de Linschoten-Vereeniging*, 1909-. Sien verder Mackenzie: *a.w.*, 97 e.v.

³¹ Sien “The Principal Navigations, Voyages, Traffiques and Discoveries of the English Nation” in *Works issued by the Hackluyt Society*. Glasgow, MCMIII. Vgl. verder Mackenzie: *a.w.*, 103 e.v.

³² Sien Mackenzie: *a.w.*, 100 e.v.;_ RM Coke: *South Africa as seen by the French. A bibliography*. School of Librarianship, UCT. 1957.

³³ Sien Mackenzie: *a.w.*, 102.

³⁴ Vgl. M Barend-van Haften: “Van scheepsjoernaal tot reisverhaal”, in *Literatuur* 7(4), 1991, 222- 228.

³⁵ In hierdie verband kan die volgende reisverslae genoem word: F Pyrard de Laval: *Discours du Voyage des Francois aux Indes-Orientales*. Paris, 1611; R Coverte: *A true and almost incredible report of an Englishman*. London, 1612; Matelief: *Historische verhael vande treffelijke reyse* in J Commelin: *Begin ende Voortgangh van de Vereenighde Nederlantsche Geocroyeerde Oost-Indische Compagnie*. S. p., 1645; J Mocquet: *Voyages en Afrique*, Paris, 1616; C C Van Pumerandt: *Journal ofte Eene Oost-Indische Reys-Beschrijvinghe*. Amsterdam, 1651.

³⁶ Dit is in die *Werken uitgegeeven door de Linschoten-Vereeniging: LV 38.*'s Gravenhage, 1933, opgeneem.

³⁷ *Dies.*, 18 e.v.

³⁸ Uit die ongepubliseerde joernaal van Van der Does, in *dies.*, 258.

is.³⁹ So is die Kaap nie net in skrif weergegee nie, maar vir die leeskring in Europa voorgestel.

'n Britse geleerde en “one of the most entertaining figures in this period,”⁴⁰ sir Thomas Herbert,⁴¹ het hierdie oorweging in sy vertolking doelbewus verder gevoer. Sy verblyf van 19 dae aan die Kaap gedurende 1626 is deur hom in *Some yeares travels into divers parts of Asia and Afrique* as 'n “learned commentary of a historical, geographical or generally discursive nature”⁴² beskrywe. Dit is vir die eerste keer in 1634 in Londen gepubliseer.⁴³ 'n Aansienlik uitgebreide uitgawe het vier jaar later verskyn.⁴⁴ Hierdie boekwerke kan deurgaang as een van die vroegste skoolvoorbeelde van 'n volwaardige reisbeskrywing.

Volgens hom is die land waarin hy sy tente opgeslaan het, vrugbaar en ryk. Die berge wat hier aangetref word, is “without doubt, abound with Marquisate and all rich minerals, which for want of search are yet undilucidated.” Herbert wil hiernaas “an exact **Idea** of the Inhabitants” ter wille van sy leser skep. Hulle is “an accursed Progeny of **Cham**, who differ in nothing from bruit beasts save forme.”⁴⁵ As 'n gemeenskap is hulle saamgeflans en ongeorden. Hy kon geen godsdiens onder hulle opspoor nie. “Though I made all signes, and tried each way possible to discover some spark of devotion, of the knowledge of God, heaven, hell or immortality; I could not finde anything that way, no place of worship, no day of rest, no

AANTEKENINGE OOR DIE VROEGSTE EUROPESE INBEELDINGS, 327

order in nature, no shame, no truth, no memory in births, or burials, meere brutishnesse and stupidnesse wholly shadowing them.”⁴⁶ “These savages eat men,” na sy oordeel, “alive or dead, as in both kinds many poor men have Lamentably made experience of.”⁴⁷ Hieruit is dit al duidelik dat Herbert verder gaan as die vroeëre reistekste. Hy doen navraag en ondersoek, verwerk en verduidelik. Hy interpreteer en evalueer, en skep 'n inbeelding van die Kaap. Daarom is sy *Travels* vir die tema van hierdie bydrae van groot belang. Wat daarin oor die Kaap weergegee word, staan in die teken van 'n ontwikkeling.

Hierdie ontwikkeling (die vormgewing van 'n inbeelding) staan ook afgeteken in 'n brosjure oor die Kaap wat “t' Amsterdam” “By Jodocus Hondius:⁴⁸ Land- en Zee-Kaart-maker, aan't op-gaan der Beurze in den Wakkeren Hond, Anno 1652”⁴⁹ uitgegee is. Dit is 'n versamelwerk waarin die samesteller alle bestaande inligting oor die Kaap geïntegreer het. Dit is gepubliseer na aanleiding van die besluit van die VOC om 'n verversingspos aan die Kaap te stig en permanent te beman.⁵⁰ Bygevoeg is 'n “Pas-Kaarte van de Zuyd-west-kust van Africa; van Cabo Negro tot beoosten Cabo de Bona Esperanca,” “niiwlyks besgreven.” Hierby is 'n

³⁹ *Dies.*, 18.

⁴⁰ Mackenzie: *a.w.*, 3.

⁴¹ Vir biografiese gegewens oor hom, sien *Monumenta Ethnographica. Frühe völkerkundliche Bilddokumente und Textquellen zur Erforschung der Aussereuropäischen Erdteile. Band J: Schwarzafrika*. Graz, 1962, 16-18; Mackenzie: *a.w.*, 21 e.v.

⁴² Mackenzie: *a.w.*, 41.

⁴³ Sien Mackenzie: *a.w.*, 25, veral vt.nt. a.

⁴⁴ *Dies.*, 27 e.v. Vir die tweede uitgawe, sien *dies.*, 29 e.v. Vir uitgawes en vertalings, sien *dies.*, 107. Vir die doeleindes van hierdie studie is die uitgawe van 1638 gebruik.

⁴⁵ T Herbert: *Some yeares travels into divers parts of Asia and Afrique*. London, 1738², 17.

⁴⁶ *Dies.*

⁴⁷ *Dies.*

⁴⁸ In 1952 is 'n faksimelee uitgawe versorg en in Kaapstad uitgegee. Serton het 'n inleiding en historiese aantekeninge voorsien by 'n Engelse vertaling van L C van Oordt.

⁴⁹ J Hondius: *Klare besgryving van Cabo de Bona Esperanca (Faksimilee)*, xi.

⁵⁰ Sien Welch: *Portuguese and Dutch in South Africa*, 79 e.v. vir 'n goeie beskrywing teen die agtergrond van die internasionale situasie. Sien ook Muller (red.): *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 19 e.v.

Lof-digt oor die Kaapse onderneming deur “J.J. Wissink” gevoeg om daarmee die seetog na die Kaap van Goeie Hoop te honoreer eie aan die nasionale aspirasies en idealisme van die tyd toe Nederland sy hoogbloei beleef het.⁵¹

Die *Korte Beschrijving* leun ooglopend aan op wat min of meer reeds van die Kaap bekend was of waarmee die Kaap in die Europese reisliteratuur geassosieer is.⁵² Heelwat aandag word aan die geografiese ligging gegee.⁵³ Hierop volg ’n kort oorsig van die ontstaansgeskiedenis van die Kaap, gegrond op gegewens wat hulle oorsprong in die Portugese geskiedliteratuur van die vorige eeu het.⁵⁴

Die landstreek, sy diere, klimaat en minerale rykdom word positief geëvalueer.⁵⁵ Die natuurlike inwoners⁵⁶ staan, in kontras hiermee, in ’n negatiewe lig. Hier het hy die “Hottentots” in die oog. “Het volk is hier in alles het onvernufte **Vee** gelijk, uyt genomen de Mensgheljkke Nature, waar uyt Somtijds een kleyn vonkjen Verstandts door het samen slaan der **zinnen** voord komt.”⁵⁷ Hierdie “Wilden”⁵⁸ is “seer Wantrouwich, ontrou en

328 NED. GEREK. TEOLOGIESE TYDSKRIF

Diefachtigh.”⁵⁹ Dit is moeilik om te bepaal of hierdie samelewing “eenige **Wet** ofte **Geloof**” daarop nahou om hulleself te orden en te beskerm⁶⁰. Op die oog af lewe hulle “als Ballingen ... zonder **Koning**, **Politien** ofte **Ordinatien**.”⁶¹

Die “Hoedanigheden des volks nature” is nie net, soos Schapera meen, verwyderd van die historiese werklikheid en situasie nie.⁶² Wie dit goed lees, sal daarin ook die aanlê van ’n norm (net soos by Herbert), waarvolgens die inheemse gemeenskap beoordeel word, raaksien. Dit impliseer ’n waardesisteem waaraan die Kaapse inboorlinge gemeet is. Twee oorwegings kom op die weegskaal, naamlik die juridiese ordening, sowel as die religieuse aktiwiteite van die gemeenskappe. Dit is juis dié sake waarop die humanistiese denktradisie in Nederland en Europa so ingestel was.⁶³ Die beoordeling van die Kaapse inwoners staan dus eintlik in die skadu van ’n projeksie uit die Europese leefwêreld. Hierdie projeksie het ’n ontbrekende aspek by die gemeenskapslewe van die “Wilden” uit Afrika aangedui en op ’n negatiewe evaluering uitgeloop. Sodoende is die kontoere van ’n inbeelding, wat nie waardevry opgestel is nie, duideliker getrek: oor die gebied, die mense wat hier aangetref is, sowel as die geskiedenis daarvan.

⁵¹ J Romein: *De lage Landen bij de Zee*. Utrecht, s. p., 307 e.v.; 320.

⁵² In kantlynaantekeninge verwys die skrywer telkens na die oorsprong van sy inligting: Behalwe “de nieuwste Pascaarten,” “eenige der jongste aantek. en Kaarten,” is die vernaamste bronne die skeepsjoernale en avonture van Van Linschoten, De Houtman, Van der Hagen, Van Spilbergen, Both en andere; die mondelinge mededelings deur seeliede, m.n. dié van die Haarlem, wat gedurende 1648 in Tafelbaai op die rotse beland het. Hy selekteer ook uit Nederlandse, Portugese, Franse en Italiaanse landbeskrywings van Afrika. Die ou klassieke werke oor Afrika staan hier en daar vermeld

⁵³ Hondius: *a.w.*, 1-9, 10 e.v.

⁵⁴ *Dies.*, 11.

⁵⁵ *Dies.*, 17 e.v.

⁵⁶ *Dies.*, 28 e.v.

⁵⁷ *Dies.*, 28-29.

⁵⁸ *Dies.*, 29

⁵⁹ *Dies.*

⁶⁰ *Dies.*, 32.

⁶¹ *Dies.*

⁶² Sien I Schapera (ed.): “The early Cape Hottentots described in the writings Olfert Dapper (1668), Willem Ten Rhyne (1686) and Johannes Guillelmus de Grevenbroeck (1695)” in *Van Riebeeck Society 14*. Cape Town, 1933, ii.

⁶³ Vgl. Romein: *a.w.*, 379 e.v.

In die jare tussen 1650 en 1700 (ongeveer) is hierdie besienswaardige uithoek van Afrika voortgaande beskrywe en omlyn. Die samegestelde Europese gemeenskap, wat sedertdien te midde van vlottende inheemse gemeenskappe permanent voet aan wal gesit en wortelgeskiet het, is eweneens daarin betrek. Die tyd waarin amptelike skeepsjoernale en dagboeke vir Europese lesers inskrywings oor die Kaap gemaak het, was egter vir goed verby. In die reisbeskrywings, met sy besondere eienskappe en geskiedenis, is die beskrywing van die Kaap en sy gemeenskappe deur buitelanders verder gevoer.⁶⁴

5. DIE KAAP EN SY GEMEENSKAPPE DEUR BESOEKERS BESKRYWE EN INGEBEELD GEDURENDE DIE TWEDE HELFTE VAN DIE 17DE EEU

Dit is onnodig om al die reisliteratuur waarin na die Kaap en sy samelewing verwys word met soveel woorde aan te haal. Tot 1700 is daar 'n paar reisboeke wat hulleself onteenseglik as die belangrikste aanwys. Die omvattende monografie van Olfert Dapper oor Afrika, 'n *Naukeurige Beschrijvinge der Afrikaensche Gewesten ... Met Lantkaerten en afbeeldingen van Steden, Drachten &c. na 't Leven getekent en in Kooper gesneden*, is een hiervan en het in 1668 verskyn.⁶⁵ In 'n mindere mate geld dit ook van die reisbeskrywings van Andersen (1669),

AANTEKENINGE OOR DIE VROEGSTE EUROPESE INBEELDINGS 329

Ivertse⁶⁶ (1669) en Saar (1672),⁶⁷ *Joan Nieuhoofs Zee en Lant-Reyze, door verscheide Gewesten van Oost-Indien*⁶⁸ (1682) bevat ook belangrike gegewens oor die Kaap. In dieselfde asem moet die boeke van Ten Rhyne⁶⁹ (1686), Tachard⁷⁰ (1686), John Ovington⁷¹ (1696) en William Dampier⁷² (1697) genoem word.⁷³

Gesnede uit die hout van die tradisie waaruit dit stam, word in hierdie reisbeskrywings hoofsaaklik drie aspekte van die Kaap en sy gemeenskappe behandel. Die land met sy plant- en dierelewe sowel as die samelewing van die Khoikhoi word getipeer. Hierbenewens kom daar nou ook vir die eerste keer verwysings na die vryburgerboere en hulle lewenstyl voor.

⁶⁴ Vgl. in hierdie verband die goeie bibliografie van Mackenzie: "South African Travel Literature" in *AYB* 18(2). 97 e.v.

⁶⁵ In Amsterdam by Jacob Meurs. Vgl. verder R Italiaander: "Olfert Dapper und seine Welt," in *Olfert Dapper. Umständliche und Eigentliche Beschreibung von Africa anno 1668. Eingerichtet, mit einem Nachwort versehen und herausgegeben von Rolf Italiaander*. Stuttgart, 1964, 379-402; *Monumenta Ethnographica*; 23-25.

⁶⁶ *Sien Orientalische Reise-beschreibunge Jürgen Andersen aus Schleswig ... und Volquard Ivertsen aus Holstein*. Schleswig, 1669. Vir Andersen, sien *Monumenta Ethnographica*, 22-23.

⁶⁷ *Wahrhaftige Beschreibung*. Nürnberg, 1672

⁶⁸ Amsterdam, 1682.

⁶⁹ Sien W Ten Rhyne: *Schediasma de Promontorio Bonae Spei*. Schaffhausen, 1686. Sien ook Schapera (ed.): "The early Cape Hottentots" in *VRS* 14, 81 e.v.

⁷⁰ Sien LPG Tachard: *Voyage de Siam*. Paris, 1686. Ook LPG Tachard: *Second voyage du Pere Tachard*. Paris, 1689. Vir uitgawes en vertalings hiervan, sien Mackenzie: *a.w.*, 101. Sien verder E Strangman: *Early French Callers at the Cape* Johannesburg, 1936, iv, 95 e.v., 164 e.v. 212 e.v.; M Sienaert-van Reenen: *Die Franse bydrae tot Africana literatuur*. Kaapstad, 1989, 22, 187.

⁷¹ Sien J Ovington: *A voyage to Suratt*. London, 1696. Vir 'n bespreking van hierdie reisboek, sien Mackenzie: *a.w.*, 68 e.v.

⁷² Sien W Dampier: *A new voyage round the world*. London, 1697. Vir 'n bespreking daarvan, sien Mackenzie: *a.w.*, 80 e.v.

⁷³

Hierby kan nog gevoeg word: E Terry: *A voyage to East-India*. London, 1655. Sien Mackenzie: *a.w.*, 54e.v., 105-106. J B Tavernier: *Les six voyages*. Paris, 1676. Vir hom, sien Strangman: *a.w.*, iii, 86 e.v. J Nieuhof: *Joan Nieuhoofs Zee en Lant-Reize*. Amsterdam, 1682. A van Overbeke: *Geestige en Vermaeckelicke Reys-Beschryvinge van de Heer Aernout van Overbeke*. Amsterdam, 1677. W Schouten: *Wouter Schoutens Reys-togien naar en door Oost-Indien*. Amsterdam, 1708². (Eerste druk 1776.) Vir 'n bibliografiese oorsig met geselekteerde uittreksels; sien R Raven-Hart: *Cape of Good-Hope: 1652-1702. The first 50 years of Dutch colonization as seen by callers*. 2 Vols., Cape Town, 1970. Veral die indeks by Vol. II'

Op hierdie patroon is die inbeelding van die Kaap in die reisbeskrywings, wat oor en weer van mekaar gebruik gemaak het, dus geknip.

5.1 Die inbeelding in verband met die Khoikhoi

In die tradisie van die skeepsjoernale en verhale is die inboorlinge van die Kaap met die eerste oogopslag as wilde en brutale mense voorgestel en uitgebeeld. In die literatuur wat na 1650 verskyn, is hierdie indrukke hoofsaaklik gehandhaaf, hoewel daar in 'n omvattender sin aan die volksverband, bedrywighede, wapentuig, strafreg, huweliks- en ander maatskaplike gebruike, taal en godsdiens aandag gegee is – volgens die vereistes van die *ars apodemica*. Sonder dat dit doelbewus êrens reggestel word, is die inboorlinge nie meer van kanibalisme verdink nie. Maar, om dit met Dapper te sê, “al de kaffers of Hottentotts, is een volk, berooft van alle wetenschap, en letteren; zeer plomp en in verstant meer den beesten als menschen gelijk; hoewel eenigen, door het gestadigh verkeer met d'onzen, de vonken van hunnen menschlijken aert allengs doen te voorschijn komen.”⁷⁴ Hulle is “onbeslepen van hersenen,” “vuil en rouw van leven.”⁷⁵ Ook Ovington spel dit ongetemperd uit: “They are the very Reverse of Human Kind. So that if there's any medium between a Rational Animal and a

330 NED. Geref. Teologiese Tydskrif

Beast, the Hottentot lays the fairest Claim to that Species.”⁷⁶ Dit is duidelik dat dit hier om 'n objektivering gaan, wat van 'n blywende “Entfremdung” spreek.

In die breë word die indruk gewek dat die Khoikhoi as 'n samelewing in so 'n mate gedegenerer en versinke geraak het dat hulle hulle ware menslikheid byna verloor het. Desnieteenstaande is die wetteloosheid van die gemeenskap nie mateloos nie. Dit is 'n aksent wat Herbert en Hondius nie gelê het nie. Die wakkere oog van die reisigers was daarop ingestel om die reste van 'n natuurretelike ordening in die gemeenskappe raak te sien. Hulle was almal min of meer van mening dat “de wet der volken zoo wel ongeschonden onder hen in onderhout ... zijn.”⁷⁷ In aansluiting hierby is opgemerk dat die Khoikhoi nie religieus⁷⁸ 'n bestaan gevoer het nie. Nieuhof, soos ander, lei uit die skynbare godsdienstige praktyke af dat hulle wel oor die kennis van 'n “Goddelyk wezen” beskik. Dit word as aanduiding van beskaafdheid aangeteken.⁷⁹ Hierdie twee aangeleenthede, naamlik die aanvoeling vir natuurreg en 'n sin vir godsdiens vorm dus in hierdie geval weer, anders as by Herbert en Hondius, die grond waarop aanvaar is dat hierdie brutale en ongepoetste gemeenskappe tog werklik nog ménslik gebly het.

Die meeste reisigers vind juis in laasgenoemde kant 'n aanknopingspunt om die beeld om te werk as toepaslike lesmateriaal vir die Europese leeskring. Trouens, dit is 'n onderkenbare neiging by reisigers om deur te stoot tot (sedelik-morele) opvoeding en vermaning. Daarby word die Europeër gewoonlik afgespeel teenoor die heidens-barbaarse gemeenskappe waarin,

⁷⁴ O Dapper: *Noukeurige Beschrijvinge der Afrikanische Gewesten*. Amsterdam, MDCLXVIII, 644.

⁷⁵ Dies

⁷⁶ Ovington: *a.w.*, 284. Vgl. verder in hierdie verband Andersen: *a.w.*, 5; Ivertse: *a.w.*, 220; Saar: *a.w.*, 157 e.v.; Overbeke: *a.w.*, 14; Nieuhof: *a.w.*, 10 e.v.; Tachard: *A relation of the voyage to Siam*, 71; Dampier: *a.w.* 536e.v.; Schouten: *a.w.*, 184en vir Ten Rhyne, Schapera (ed.): *a.w.*, 123: “Their native barbarism and idle desert life, together with a wretched ignorance of all virtues, imposes upon their inconstancy, lying, cheating, treachery and unfairness.”

⁷⁷ Dapper: *a.w.*, 644. Vgl. ook Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 139: “Though this nation is barbarious and brutish, yet, since it is numbered among those peoples who though they have not the law yet do the things that are of the law of nature, it cannot be regarded as being utterly lawless.” Vgl. verder Nieuhof: *a.w.*, 12; Tachanl: *a.w.* 71.

⁷⁸ Dapper: *a.w.*, 653; Saar: *a.w.* 158; Tachard: *a.w.* 61 e.v., 79; Dampier: *a.w.*, 541; Schouten: *a.w.*, 184.

⁷⁹ Sien Nieuhof: *a.w.*, 13: “volgens een parigh gevoelen van alle Godsgeleerden, geen volk ter werelt zoo Barbarisch is, dat niet eenige Gotheit, 't zy waere of valsche, eert.”

nieteenstaande hulle versonke posisie, nog 'n hoë premie op ongeskonde menslikheid geplaas word. Die feit dat 'n gemeenskap wat in so 'n mate sy menslikheid kwytgeraak het en tóg aan primêre uitgangspunte daarvan bly vashou het, is dus rede genoeg om by wyse van vergelyking die uitrafeling van beskawingsnorme in die Europese gemeenskap aan te spreek. Dapper sê byvoorbeeld dat die “Hottentotten” in “milt en trouheit” die Nederlanders oortref.⁸⁰ Wouter Schouten weer, wil sy lesers aanspreek op die terrein van hulle Christelike geloof. Sy oogmerk is om hulle tot 'n voller en dankbaarder lewe teenoor God te bring. Vir hom is dit “beklaegelijk” dat die inheemse boorlinge, “schoon mede van onsen eersten Vader **Adam** afkomstig/ nochtans soo weynig menschelikhelyts venoonen/ datse warelyk meer het onvernufte Vee/ dan redelyke Menschen komen gelijk te zijn.” Hulle moet lewe, terwyl hulle “gantsch geen kennisse Godts/ noch die ter saligheyt leyd,” besit. In 'n vergelyk met hierdie toedrag van sake roep hy uit: “ô Christenen/ hoe geluksalig de onse! indien sy regtschappen Christenen sijn,” sou hulle God, wat hulle “uyt dien poel der rampsalige duysternis geroepen heeft tot sijn wonderbaer Ligt,” eer en loof.”⁸¹ Tussen hakies, net

AANTEKENINGE OOR DIE VROEGSTE EUROPESE INBEELDINGS 331

Ivertse⁸² en die Jesuïet Tachard⁸³ bring die Khoikhoi direk in verband met die sendingopdrag van die Christelike kerk en sy lidmate. Dit is onnodig om verder hierop in te gaan of uit nog reisbeskrywings aan te haal. Die beeld van die Khoikhoi wat in hierdie boeke oprys, is dus dié van aanstootlike individue met soveel ergerlike (om die minste te sê) lewenspraktyke. Aan die anderkant is daar aan die kern van hulle gemeenskaplike doen en late sake waarin iets prysenswaardigs en eg-mensliks opgesluit lê. Hoe dit funksioneel in Europa van toepassing gemaak is, behoort duidelik voor die geestesoo te staan.

5.2 Die beeld van die Nederlandse boere en Kaaps-Europese gemeenskap

Die nedersetters aan die voet van Tafelberg en omringende valleie moes noodwendig ook in die gesigsveld van die verbyvarende besoekers kom. Verwysing na kleinboere – “vrye luyden voor den vryen Lantbouw”⁸⁴ – wat in die onmiddellike omgewing van die kasteel saailande en veekuddes besit het, kom reeds in die Ost Indischen Reise van Ivertse (1669) voor.⁸⁵ Saar (1672) wys daarop dat hulle dit vanweë “der heyden wegen der Hottentotten” nie ver van die fort kon waag nie.⁸⁶ Wouter Schouten is getref deur die entoesiasme en vlyt waarmee die “Nederlantsche Boeren”⁸⁷ hulle boerderybedrywighede waarneem en uitbou, hoewel “meerendeel der gener die verre te Landewaerts woonen ... gantsch armelyk” is.⁸⁸

Oor die algemeen is die mededelings oor hiêrdie gemeenskap dus positief. Reisigers het hulle ook nie in dieselfde mate van die kleinboere en hulle gemeenskaplike lewe gedistansieer as wat dit die geval was met die Khoikhoi nie. Die Europese gemeenskap het immers heelwat minder nuuswaarde as die Khoikhoi gehad. Onder hulle was daar niks snaaks of besienswaardig te rapporteer nie. Geen lering word geput uit die wyse waarop hulle saamleef, hulle gemeenskap orden of in die nuwe kontinent aangepas het nie. Die aanlê van beskawingsnorme om die karakter van die boeregemeenskap te peil, ontbreek eweneens.

⁸⁰ Dapper: *a.w.*, 644; Tachard het 'n soortgelyke argument, *a.w.*, 68.

⁸¹ Schouten: *a.w.* 184-185

⁸² Ivertse: *a.w.*, 221: met die landwaartse besetting sal die Europeërs die “Wilden ... zum christlichen Glauben ... bringen/ sich bemühen/ welches von Gott zu wünschen.”

⁸³ Tachard: *a.w.* .. 79.

⁸⁴ Nieuhof: *a.w.*, 7.

⁸⁵ Ivtse: *a.w.* .. 182, 220; Vgl. ook die aantekeninge van Saar: *a.w.*, 158 e.v. ⁸⁶.

⁸⁶ Saar: *a.w.*, 162; Vgl. ook Andersen: *a.w.* .. 6.

⁸⁷ Schouten: *a.w.*, 180 e.v.

⁸⁸ *Dies.*, 181.

'n Enkele besoeker het wel 'n probleem met die gemeenskap as 'n geheel gehad. Die Jesuïet sendeling Tachard, wat die Kaap vier keer tussen 1885 en 1888 aangedoen het, het reeds in die eerste uitgawe van sy *Voyage de Siam* (1886) hom krities daarvoor uitgelaat. Hy lê 'n klag voor hulle deur. Sy verwyf is dat die Europeërs hulle nie die moeite troos om die "knowledge of the true God" aan die Khoikhoi oor te dra nie. Die nedersetters sou geen steen onaangeroer laat om daarenteen lang en uitputtende togte na die binneland aan te pak nie. Daarmee ry die Khoikhoi aan die pen, want, beweer Tachard, "this is only done to discover their mines, to examine the Plentifulness of the Provinces, to learn the Secrets, and the Virtues of their Simples, and to grow rich by their Commerce."⁸⁹ Behalwe dat 'n missiologiese ingesteldheid dus by die gemeenskap ontbreek, meen Tachard dat hulle daarop uit is om die land ekonomies, ten koste van die inheemse bevolking, vir eie voordeel te benut. Hierdie opmerkings is van groot belang. Dit veronderstel aksentsverlegging in die inbeelding, wat die saak wat daardeur aan die orde gestel word, in geheel 'n ander lig plaas. Hierdeur word geïllustreer hoedat 'n inbeelding 'n nuwe betekenis kan bekom. Hierbenewens sou Tachard nie die enigste

332 NED. Geref. TEOLOGIESE TYDSKRIF

sendeling wees wat die Kaapse gemeenskap verwyf het vir iets wat die kerk van Christus alhier (sou) nagelaat het nie. Hy was ook nie die laaste om 'n aanklag te lê nie. Ná hom was daar diegene wat, volgens hulle insig en waarneming, dit hulle plig geag het om gebreke uit te lig en hok te slaan. Waar die Khoikhoi in die 17de eeu in die sentrum van die inbeelding gestaan het, het dit in die 19de eeu 'n verskuiwing ondergaan. Toe is die Europese Boere die middelpunt van belangstelling, en op voetspoor van Tachard negatief ingebeeld.

5.3 Die beeld van die landstreek en sy geskiedenis

Die bodemgesteldheid, klimaat, fauna en flora het die besoekers uit Europa beïndruk. Hierdie "most Renow'd Promontory in the World"⁹⁰ is ingebeeld as 'n besonder vrugbare land,⁹¹ terwyl Tafelberg en Leeukop steeds die verbeelding aangegryp het.⁹² Die ongeskonde land is vol wilde (en gevaarlike) diere⁹³ en begroei met 'n groot verskeidenheid plante.⁹⁴ Vir die besoekende Europeër was die klimaat besonder genoeglik.

Die beskrywing van die landstreek is nie sonder verwysing na sy geskiedenis nie. Sonder uitsondering word dit teruggevoer na die Portugese seevaart aan die einde van die 16de eeu. Aan hulle deursettingsvermoë en heldhaftige waagmoed word die ontdekking van die Kaap toegeskrywe. Dit kom dus neer op 'n historiese verbandlegging met die Portugese reise, waarmee die geskiedenis van Europa inderdaad op 'n nuwe weg geplaas is.

Daarmee het die inbeelding oor die Kaap 'n vaste vorm bekom. In die 18de eeu sou op hierdie drie aspekte voortgeborduur word.

6. SAMEVATTING.

Seker een van die invloedrykste gevolge van die Europese seevaartgeskiedenis ná 1500 was die reisliteratuur wat dit meegebring het. Daarin is 'n inbeelding van die Kaap en die

⁸⁹ Tachard: *a.w.* .. 79.

⁹⁰ Ovington: *a.w.*, 281.

⁹¹ Vgl. bv. Andersen: *a.w.*, 4; Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 98 e.v., 108 e.v.; Tachard: *a.w.*, 78; Dampier: *a.w.*, 534. .

⁹² Vgl. Ivert~: *a.w.*, 182; Saar: *a.w.*, 162-163; Nieuhof: *a.w.*, 16 e.v.; Schouten: *a.w.*, 185 e.;

⁹³ Vgl. bv. die opmerking van Overbeke dat hy nie aan wal wou oorslaap nie, "want men heeft er Tygers, en Boeren, Leeuwen wreet en stout, soudien die setten op den romp van Nout, haer poot, O doodt, Dat waer te groot, Neen neen neen, 'k wil niet heen, 't Nieuwtjen is by my al af," *a.w.*, 14. Sien verder Nieuhof: *a.w.*, 8 e.v.; Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 101 e.v.; Tachard: *a.w.*, 64; Schouten: *a.w.*, 185.

⁹⁴ Vgl. veral Ten Rhyne in Schapera (ed.): *a.w.*, 101 e.v.-

vreemde mense wat daar aangetref is, gekarteer. In die aanvanklike Portugese reisliteratuur is ervaring en indrukke van die Kaap aangeteken. Ná 1600 het Noord-Europese skeepsjoernale en verhale omvattender verslag oor die Kaap en sy inwoners uitgebring. Nader na die helfte van die 17de eeu is die Kaapse Skiereiland ondersoek en uitklarend in die reisbeskrywings voorgestel. Dienooreenkomstig het die weergawe van die Kaap en sy mense ook 'n verandering ondergaan. Na 200 jaar het dit duidelike dimensies aangeneem: die Khoikhoi is geobjektiveer en beoordeel, die vryburger boeregemeenskap het bygekom en is in 'n ander sin beskrywe, en by geleentheid ook negatief (Tachard) geëvalueer, terwyl die gemeenskaplike bodem en geskiedenis telkens aantekening uitgelok het. Die antropologiese en teologiese aannames, sowel as die eietydse humanistiese vooronderstellings waarmee dit gepaardgegaan het, het inbeeldings nie waardevry gemaak nie.

Met die kursoriese nagaan van die manier waarop die eerste inbeelding oor die Kaap en sy

AANTEKENINGE OOR DIE VROEGSTE EUROPESE INBEELDINGS 333

mense opgebou is, is hopelik die punt gemaak dat inbeeldings in die Suid-Afrikaanse (kerk)-geskiedskrywing histories uitgeklaar moet word. Die reisbeskrywings het daarmee begin toe ervaring van die Suid-Afrikaanse konteks in terme van motiewe en bymotiewe vir 'n buitelandse leserskring ingebeeld is as die volle waarheid. Opvallend genoeg het die aspekte van hierdie inbeelding temas geword wat in die latere geskiedskrywing oorwoeker het: die uiteenlopende groepe in die land en hulle onderlinge verhouding. Miskien is dit die rede waarom ons geskiedskrywing eintlik in 'n politieke sin ingetoom geraak het. Per slot van rekening is hierdie temas politieke histories verreken en geïnterpreteer. En, die kerkhistoriografie kon hom ook nie hieraan ontworstel nie.⁹⁵ Tussen die (kerk)geskiedskrywing en die uitheemse inbeelding lê 'n korrelasie wat nie onderskat moet word nie. “'n Inbeelding het dit immers in hom om jou tot sindraende standpuntstelling oor die vergange werklikheid te dwing. Dit is meer as woorde en neem besit van jou ter wille van die singewing van die verlede.”

Hierdie artikel word opgedra aan my leermeester en vriend. Die jare van studie aan sy voete het onvergeetlik geword omdat hy die teologie en kerkgeskiedenis in diens van die Woord van ons Vader gebring het. Hy het ons voorgestaan in die uitklaring van die kerkgeskiedenis in terme van die kerk van Christus, sonder om van Christus 'n inbeelding te maak. Dit kan nie, omdat Hy, anders as ons, as die lewende Heer self teenwoordig was (en is) toe die kerkgeskiedenis beslag gekry het. Hierop het oom Eddie altyd aangedring en self daarom gebid.

334 NED. Geref. TEOLOGIESE TYDSKRIF

⁹⁵ Vgl. in hierdie verband die opvallende politieke periodisering en intonasie van die resente publikasie van J W Hofmeyr en G Pillay (Eds): *A history of Christianity in Southern Africa*. Vol 1. Pretoria, 1994